View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Redaksioneel

Die redaksie bied graag die volgende *Koers*-uitgawe aan. In hierdie uitgawe val die fokus op 'n christelik-wetenskaplike perspektief in die omgang met kernkwessies in die huidige samelewing; op die interaksie tussen werklikheidsbeskouing en kultuur, etnisiteit en verskillende godsdienste; asook op 'n besinning oor etiese besluitneming in 'n spesifieke vakgebied. Drie van die artikels wat verskyn, is die laaste in 'n reeks van die onderskeie outeurs.

Die uitgawe open met 'n uitstekende artikel waarin B.J. van der Walt voortgaan met sy navorsing oor die filosofiese wortels van die gewilde "waardegedrewenheid" van instellings. In hierdie artikel probeer hy vanuit 'n christelik-filosofiese perspektief vasstel wat die plek, aard en gesag van waardes is. Hy bring 'n verskeidenheid perspektiewe van sleuteldenkers in die reformatoriese filosofie byeen en verklaar hulle interpretasie van waardes deur, onder meer, hulle konteks en reaksie op die westerse filosofie in ag te neem. Die verhelderende stellings wat hieruit na vore kom, pas hy toe om 'n alternatiewe voorstel te bied waarin diverse standpunte binne instellings, soos die Noordwes-Universiteit, geakkommodeer kan word.

P. Simons se artikel ondersoek die verhouding tussen die tegnisisme en ekonomisme, gegrond op albei se verhouding tot die nuttigheidsdenke. Die omvattende voorkoms van hierdie benaderings in die westerse kultuur, maak sy ontginning van 'n alternatiewe voorstel vanuit 'n reformatoriese perspektief, hoogs relevant. Williams se derde artikel oor die sekularisme argumenteer dat die Heilige Gees ten grondslag lê van 'n eiesoortige gemeenskap, gekenmerk deur skeiding en verwantskap, wat die oorsake van sekularisme in die samelewing teenwerk.

Drie artikels het as agtergrond botsende wêreldbeskouings binne 'n spesifieke etniese, godsdiens- en kulturele konteks. P.O. Abioje verken die sosio-politieke invloed van kritiese profesie in kontemporêre Afrika deur bybelse, Afrika en Islamitiese wêreldbeskouings te vergelyk. Die rol wat werklikheidsvisie-transformasie speel in die ontwikkeling en onderwyskundige transformasie van 'n gemeenskap van die Lamba in Zambië kom onder die loep in 'n artikel deur

J. Compion, J.L. van der Walt, H.J. Steyn en C.C. Wolhuter. J. Hexham ondersoek die rol van godsdiens in die VSA, met spesifieke klem op die implikasies vir die verhouding tussen Christendom en politiek.

G.M. Steyn se artikel oor die skepping van doelbewus-uitnodigende skole deur middel van professionele ontwikkeling kan saamgelees word met ’n vorige artikel van haar wat in *Koers* verskyn het. M. Swanepoel se artikel oor etiese besluitneming in forensiese psigologie is ’n waardevolle bydrae in ’n area waarin tot dusver redelik min gepubliseer is. Die ontleding van die verband tussen ’n vakdissipline en die etiek, asook ’n besinnende perspektief daarop, behoort verdere gesprek oor hierdie tema te stimuleer.

Ten slotte verskyn daar ’n aantal resensies.

Lesers word uitgenooi om opvolgartikels voor te lê vir publikasie.

**Helena Hoogstad**

**Redakteur**

# Editorial

The Editorial Board is pleased to present this issue. This number brings to a focus the Christian-scientific perspective's engagement with key issues in present-day society; the interaction between worldview, culture, ethnicity, and different religious commitments; as well as subject-specific considerations in regard to ethical decision-making. Three of the articles appear as the final installments of a series by the respective authors.

The issue commences with B.J. van der Walt's excellent article which continues on his research on the philosophical underpinnings of the "value-driven" directive popularly adopted by institutions. Taking the christian-philosophical perspective as starting point, this articles sets out to determine the proper place, character, and authority of values. He draws from a variety of viewpoints from key figures in reformational philosophy and explains their interpretation of values in terms of, inter alia, their respective contexts and responses to western philosophy. The application of these illuminating insights delivers an alternate proposal which allows the accommodation of diverse perspectives within institutions such as the North-West University.

P. Simons' article investigates the interrelation of technicism and economism in terms of their relationship to utilitarianism. The prevalence of the utilitarian approach in western culture lends a great deal of significance to his exploration of alternatives that are grounded in reformational philosophy. Williams' third article on secularism argues that the Holy Spirit is foundational to a community characterised by the division and relationality required to combat the causes of secularism in society.

The clashing of worldviews within specific ethnic, religious, and cultural contexts provides the subject matter for three articles. P.O. Abioje examines the socio-political influence of critical prophecy in contemporary Africa by comparing the biblical, African and Islamic worldviews. The role of worldview-transformation in the development and educational transformation of the Lamba, a Zambian community, is the focal point of an article by J. Compion, J.L. van der Walt, H.J. Steyn, and C.C. Wolhuter. J. Hexham inquires into the

role of religion in the USA and the implications it holds for the relationship between Christianity and politics.

G.M. Steyn’s article about the creation of intentionally inviting schools by means of professional development can be read in conjunction with another article of her that appeared in *Koers*. M. Swanepoel’s article about ethical decision-making in forensic psychology is a valuable contribution to an area that has not yet been the object of extensive research. The article’s analysis of the relationship between ethical and subject-specific considerations, as well as the reflective perspective it provides, can be expected to spark a great deal of discussion.

Finally, the issue contains a number of reviews.

Readers are invited to submit response articles for publication.

**Helena Hoogstad**

**Editor**